higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

(11020312)

11 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

586Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 … speel 'n rol in die formulering van padvervoerbeleide.

A SANCO (Suid-Afrikaanse Nasionale Burgerlike Organisasie)
B SANRAL (Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk)
C SASOL (Suid-Afrikaanse Staal, Steenkool en Olie Beperk)
D ESKOM (Elektrisiteitsvoorsieningskommissie)

1.1.2 'n Persoon wat 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur, passasiers vir 'n inkomste in Suid-Afrika vervoer, moet 'n ... hê.

A ID (identiteitsdokument)
B PrDP (professionele bestuurspermit)
C Graad 12-sertifikaat
D bewys van adres

1.1.3 Die … koördineer en reguleer wetstoepassing van oorgrens padvervoer.

A CBRTA (Wet op Oorgrenspadvervoer)
B NRTA (Wet op Nasionale Padververkeer)
C Strafproseswet
D Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid

1.1.4 Een van die vakbonde wat werkers in die vervoerbedryf verteenwoordig, is …

A SADTU (Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie).
B PEU (Professionele Opvoedersunie).
C SATAWU (Suid-Afrikaanse Vervoer en Verwante Werkersunie).
D NUMSA (Nasionale Unie van Mynwerkers in Suid-Afrika).

1.1.5 Een van die voordele van spoorvervoer is …

A buigsaamheid.
B veiligheid.
C sekuriteit.
D gerief.

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Gure weerstoestande soos oorstromings en reën skep obstruksies vir padvervoer.

1.2.2 Die vervoerbedryf het nie enige uitdagings aangaande veiligheid en sekuriteit nie.

1.2.3 Sonder vervoer ly lewenskwaliteit daaronder.

1.2.4 'n Klas 1 voertuig is 'n ligte motorvoertuig wat 'n ligte sleepwa van tot 750 kg GVM kan trek.

1.2.5 Vervoerbedryf skakel met ander bedrywe soos pakhuisberging, verkryging, bemarking ens.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die answer langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 … wetgewing maak voorsiening vir die beheer en bestuur van alle vorme van vervoerbeweging.

1.3.2 Goedere wat beskadig kan word, word … genoem.

1.3.3 … voertuigmassa beteken die maksimum massa van 'n voertuig en sy lading soos gespesifiseer deur die vervaardiger.

1.3.4 'n ... beteken 'n motorvoertuig wat ontwerp en aangepas is vir die vervoer van meer as 16 persone insluitend die drywer.

1.3.5 Hoflikheid beteken … en behulpsaamheid teenoor kliënte.

(5 × 1) (5)

1.4 Kies die korrekte opsie uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die proses wanneer twee partye 'n regsgeldige ooreenkoms aangaan, word (onderneming/kontraktering) genoem.

1.4.2 Mense en vrag behaal beweeglikheid deur (beplanning/ vervoermodusse).

1.4.3 Die (tersiêre sektor/primêre sektor) hou verband met die verspreiding en vervoer van goedere.

1.4.4 Deesdae word diagnosering van 'n verskeidenheid voertuigprobleme met behulp van (voertuig/manuele) diagnostiese hulpmiddels gedoen.

1.4.5 Vervoermaatskappye gebruik ook (etnologie/tegnologie) om vragsekuriteit te verbeter.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.5 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Beleid	A	dwing werkers se regte in die vervoerbedryf af en brei dit uit
1.5.2	Etiek	B	’n plan om voertuie te versien gebaseer op die tyd of afstand wat afgelê is
1.5.3	Drywerbeheer	C	dokument wat die beginsels en bepalings bevat wat in ’n maatskappy verlang word
1.5.4	Vakbonde	D	herstelwerk van voertuie as gevolg van onklaarrakings
1.5.5	Roetine onderhoud	E	instandhouding van rekords van professionele bestuurders
		F	reëls of standaarde wat bepaal hoe ’n persoon moet optree volgens aanvaarde beginsels van wat reg en verkeerd is

(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die term *vervoer.* (3)

2.2 Noem TWEE wetgewings (Wette) wat met landvervoer verband hou. (2)

2.3 Verduidelik wat petroleumprodukte is en gee EEN voorbeeld van ’n petroleumproduk. (3)

2.4 Beskryf die oogmerk en doel van die Wet op Oorgrenspadvervoer. (3)

2.5 Voertuigbeheer in ’n vervoerbesigheid is baie belangrik.

Noem VIER hooffunksies en -aktiwiteite van voertuigbeheer. (4)

2.6 Een van die strategieë om korrupsie en onwettige gedrag in ’n vervoerbesigheid te verhoed, is om korrektiewe maatreëls toe te pas.

Noem VYF korrektiewe maatreëls wat getref kan word. (5 × 2) (10)
[25]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE tipes padvervoer. (3)

3.2 Noem TWEE unieke kenmerke van pyplynvervoer. (4)

3.3 Noem DRIE dokumente wat op rekord gehou moet word vir elke voertuig wat deel is van die maatskappy se vloot. (3)

3.4 Noem SES hoofaspekte wat oorweeg moet word wanneer drywers beheer word. (12)

3.5 Noem DRIE vakbonde wat werkers in die vervoerbedryf in Suid-Afrika verteenwoordig. (3)

[25]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *voorkomende* en *reaktiewe* onderhoud. (2 × 2) (4)

4.2 Noem VYF persoonlike beskermende toerusting wat nodig kan wees wanneer petroleumprodukte gelaai word. (5)

4.3 Dui TWEE algemene oorsake van voortydige onklaarraking van batterye aan. (2 × 2) (4)

4.4 Noem DRIE kategorieë voertuigoperateurs asook hulle identifikasieletters soos op die skyfie aangedui word. (3 × 2) (6)

4.5 Bespreek TWEE maniere waarop die drywer sy/haar voertuig by die bestemmingstasie moet posisioneer vir suksesvolle op- en aflaai van petroleumprodukte. (2 × 3) (6)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou